# DIE SWART LUIPERD

No. 46
Die Reus van Boendoe



braam le roux

'n Koue vlaag skiet deur hom. As iets hier verkeerd loop, sal hy hom so te pletter val dat wie hom ookal later teëkom, hom seker nie eens sal herken nie. Die volgende oomblik begin hy weer met mening klim, want hy voel duiselig en hoe gouer hy hier uitkom, hoe beter.

Dit duur nie lank nie, of die Swart Luiperd besef met 'n nuwe beklemming dat sy kragte haas uitgeput is. Sy arms begin krampe kry, en dieselfde gebeur met sy bene. Dit is met groot inspanning, dat hy nog in staat is om aan hierdie tou vas te hou. En toe hy opkyk teen die regaf muur op, besef hy met angs dat hy nog skaars halfpad is.

Stofomslag: Chris du Plooy



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Misterie | 3 |
| 2. | Pyl uit die Nag | 12 |
| 3. | Swart Sluipers | 21 |
| 4. | Verlatenheid | 30 |
| 5. | Die Strikval | 38 |
| 6. | Noodroep | 47 |
| 7. | Tussen Lewe en Dood | 56 |
| 8. | Die Reus | 67 |
| 9. | Donker Waters | 76 |
| 10. | Man teen Man | 86 |


# Hoofstuk 1

## MISTERIE

Die goudlig van die kampvuur glim saggies op die swaar groen blare van die oerwoudboom en omgewe dit in 'n glans wat dit laat lyk asof dit in die suiwer sonlig gedoop is. Die swaar stamme van die bosreuse is dig soos 'n muur om hierdie klein opening, want hierdie kampvuur brand vanaand in een van die digste bosstreke van die Belgiese Kongo.

Hier is die stamme dikker, hier is die lower digter en hier is die blare groter as in die meeste oerwoude van die wêreld want hier is die sonlig skerp en die reën swaar en aanhoudend in die lang somer. Die plantegroei verdring en verdruk mekaar. Die varings groei soos bome en die slingerplante se stamme is dik net soos die reuse-luislang wat so dikwels hier op die skurwe stamme op jou afsluip.

Hierdie is die woud van misterie, die woud waar die gorilla dreunend op sy borskas slaan, die woud waar die groot vlermuise snags om jou ore fladder en waar die geel oë van die swart luiperd jou party keer uit die donker aangluur. Dit is die woud waar jy oombliklik sterf as jy jou rigting verloor of as jy verstrengel raak in die byna ondeurdringbare boskasies waardeur net die voetpaadjies kronkel en waar die son feitlik nooit op die grond skyn nie.

Die man met sy rooierige kop, sy geweldige skouers en sy nek so dik soos dié van 'n Afrikanerbul, trek die helm van sy kop af en hou sy beker koffie omhoog asof hy 'n heildronk instel. ,,My

vriend, die Swart Luiperd, ek is dankbaar dat ek nie vanaand alleen hier is nie. Ek voel altyd veiliger in jou geselskap,'' sê Antonius van der Heuvel, die groot inboorling-kommissaris van die streek Gadala van Belgiese Kongo.

Die Suid-Afrikaanse woudman trek sy tiermasker af en glimlag vir Van der Heuvel. ,,Ek moet sê dat ek weer veilig in joú teenwoordigheid voel,' sê die Swart Luiperd vir Van der Heuvel. ,,Ek het al baie jagters teëgekom, maar ek dink nie daar is 'n man wat so gou kan skiet soos jy nie, Van der Heuvel—en so vinnig nie.''

Hulle lag teenoor mekaar en toe begin hulle hul koffie drink.

Die Swart Luiperd was in Kenya toe Van der Heuvel aan hom geskryf het om na hom toe te kom. Van der Heuvel het geen redes gegee nie, maar hy is bly dat hy gekom het, want hy weet dat dit nie om dowe neute is dat die Belg hom laat kom het nie. Soos hy Van der Heuvel ken, stuit hy nie vir die duiwel nie. En daar moet beslis 'n slang in die gras wees as Van der Heuvel vir hom, wat die Swart Luiperd is, so ver laat kom het. En dit is ook net die vooruitsig op intense avontuur wat die Swart Luiperd laat besluit het om hierdie tog te onderneem daar hy van plan was om terug te keer na sy beesplaas in die Transvaal.

Van der Heuvel blaas die stoom oor sy warm koffie weg, gooi nog 'n stomp hout op die knetterende vuur, en toe kyk hy onderlangs na die Swart Luiperd.

,,Jy het seker al gewonder waarom ek jou laat kom het, my vriend die Swart Luiperd,'' sê Van der Heuvel.

,,Jy behoort my lankal te gesê het,'' sê die Woudman.

Van der Heuvel glimlag. ,,Ek hou daarvan om die regte





oomblik te soek voordat ek praat. En buitendien was ek bang dat as ek jou aan die begin van dié tog gesê het waarheen ons reis, jy dalk kop sou uitgetrek het.''

,,Dis 'n mooi grap,'' sê die Swart Luiperd.

,,Nee, ek speel sommer,'' sê Van der Heuvel.

,,Moenie vir my sê dat jy met diamante of goud of iets van dié aard smokkel nie,'' korswel die Luiperdman.

,,Ek wens dit was so,'' sê Van der Heuvel en meteens is daardie groot bruingebrande gesig van hom ernstig. Hy leun agteroor teen 'n stam, haal sy pyp uit en steek dit op. ,,My vriend die Swart Luiperd,'' spreek hy die woudman aan, ,,ek het jou laat kom om my te help om 'n legende op te los.''

,,'n Legende?'' vra die Luiperdman fronsend. ,,Het jy my ál hierdie honderde kilometers laat trek en dit om 'n legende te kom oplos?''

Van der Heuvel lag kortaf en 'n bietjie senuweeagtig. Dit verbaas die Luiperdman, want hy ken Van der Heuvel as 'n volkome vreeslose man. Hy het al saam met hierdie man gorillas en ander gevaarlike diere gevang. Hy het Van der Heuvel al teen 'n leeu sien veg. Maar nou is daar 'n snaakse trek op die man se gesig. Dit lyk amper soos vrees.

,,Ek kan verkeerd wees,'' sê Van der Heuvel, ,,maar ek is bevrees hierdie legende het kloue en tande.''

,,Wat bedoel jy?''

Van der Heuvel trek sy skouers op. ,,Jy ken my al lank, Luiperdman,'' sê hy. ,,En soos jy weet, het ek al lank ondervinding van hierdie oerwoude. En as daar een ding is wat ek nie maklik glo nie, dan is dit die stories van die inboorlinge. In

hierdie oerwoud, soos jy weet, waar die dood hulle elke dag dreig, is hulle nog meer bygelowig as in ander dele van die wêreld. Daarom is die stories wat hulle vertel, wat my betref, gewoonlik by die een oor in en by die ander oor uit. Maar nou is daar hierdie legende.''

,,Wat vir 'n legende?'' vra die Luiperdman.

,,Die inboorlinge van hierdie streek glo vas dat daar 'n halfwaansinnige reus in die Boendoeberge woon.''

Die Swart Luiperd proes soos hy lag. ,,'n Reus?'' vra hy. ,,Jy sê dit nooit! Ek veronderstel hy staan wydsbeen oor die klowe van die Boendoeberge?''

Van der Heuvel lag verleë. ,,Jy kan die spot dryf as jy wil,'' sê hy, ,,maar hier het 'n paar snaakse dinge gebeur.''

,,Soos byvoorbeeld?''

,,Soos byvoorbeeld die verdwyning van twee Britse jagters 'n tyd gelede. Hulle het kom okapi vang. Hulle twee was goed bewapend en het met 'n hele kasarmte inboorlingdraers in die rigting van die skeur in die Boendoeberge getrek. En dit was laaste sien. Daar het nog nooit weer 'n haan na hierdie twee kêrels gekraai nie. Die inboorlinge hou vol dat die kêrels deur die reus van die Boendoeberge gedood is.''

,,Dis alles bogtery,'' sê die Luiperdman. ,,Ek sweer hulle was twee fortuinsoekers wat heeltemal in 'n ander koers vort is.''

,,Heel moontlik,'' sê Van der Heuvel. ,,Maar dan moes hulle iewers uitgekom het. Maar hulle het net eenvoudig spoorloos van die aarde verdwyn.''

,,En die draers?''

,,Ek het verneem dat een of twee van hulle teruggekom het,





maar hulle was glo in so 'n toestand dat hulle kort daarna oorlede is. Hulle kon glo egter vertel dat hulle deur swart luiperds aangeval is.''

,,Swart luiperds? Dis snaaks. Die swart Luiperd val jou tog nie net sommer aan nie. Hierdie genante van my sal jou nie sommer takel tensy hulle honger is nie. En hier is tog seker volop kos vir hulle.''

,,Wel, volgens dié twee inboorlinge is die res van die draers almal deur swart luiperds aangeval en gedood. Hulle twee het op 'n nippertjie na ontsnap.''

,,Dis vir jou weer 'n ander kaskenade,'' sê die Swart Luiperd. ,,Vir my klink dit soos inboorlingpraatjies.''

,,Dit is nog nie ál nie,'' sê Van der Heuvel. ,,'n Bietjie vorentoe van waar ons vanaand is, woon die Kamoelastam. Hulle is 'n dapper spul. Uitstekende jagters. Baie ondernemend en nuuskierig. Hierdie spul glo vas dat daar iewers in die Boendoeberge 'n verlore stad is met 'n spul edelgesteentes. Van tyd tot tyd glip daar van hulle weg na die skeur deur die Boendoeberge. Volgens hulle draai daar 'n kloof uit die skeur weg na hierdie sogenaamde verlore stat. En die fantastiese van die saak, is dat nog nie 'n enkele een van hierdie Kamoela wat na daardie stat gaan soek het, ooit teruggekeer het nie.''

,,Dit klink gevaarlik,'' sê die Swart Luiperd wat maar nog nie kan aanneem dat daar iets in hierdie stories steek nie.

Toe sien hy hoedat Van der Heuvel baie dringend na hom kyk. ,,My vriend,'' sê hy vir die Swart Luiperd, ,,ek was ook nog altyd geneig om hierdie stories vir die wind te gooi. Om hulle toe te skryf aan die verbeeldingskrag van die inboorlinge.

Maar twee maande gelede het iets gebeur wat my 'n bietjie minder sinies gestem het. Dit is op grond daarvan dat ek jou laat kom het toe ek gehoor het dat jy in Kenia is. Dit is op grond daarvan dat ek besluit het om nou vir eens en vir altyd in belang van vrede en in belang van my eie gemoedsrus, vas te stel wat daar steek in hierdie legende van die sogenaamde reus van die Boendoe. Want die inboorlinge glo vas dat dit hierdie reus is wat nie alleen die twee Britse jagters gedood het nie, maar ook van tyd tot tyd hul eie mense om die lewe gebring het."

„Wat het dan gebeur?" vra die Swart Luiperd.

Van der Heuvel vroetel in sy hempsak en haal daar iets uit. „Dít is wat gebeur het," sê hy en hou die vergulde sigarethouer na die Swart Luiperd uit. Die Swart Luiperd staar aandagtig daarna en in die een hoek sien hy die voorletters P.R. Hy kyk vraend na Van der Heuvel op. „En wat beduie hierdie sigarethouer?" vra die Luiperdman.

„Die betekenis daarvan is dat dit aan een van hierdie Britse jagters behoort het. Sy naam was Peter Rawson. Sowat twee maande gelede het 'n stuk of tien van die Kamoelas die idee in hul koppe gekry om na die verlore stat te gaan soek. Een van hulle het hierdie sigarethouer voor die skeur van Boendoe opgetel. Daardie selfde nag het hy weggesluip en teruggekom. Dit is die enigste bestaande teken van Rawson en sy metgesel. En die ander Kamoelas wat die tog onderneem het, het skoon verdwyn tot op hierdie aand. Toe hulle nie terugkeer nie, het hul kaptein na my gekom en my kom smeek om hulle te help teen die reus in die Boendoeberge. Hy is 'n betroubare man, hierdie hoofman. Hy het hierdie sigarethouer na my gebring. Daarom





het ek besluit om, wat ook al gebeur, nou eens en vir altyd vas te stel wat hier gaande is. Ek het buitendien 'n mededeling van die Britse konsul in Leopoldstad ontvang dat die twee jagters spoorloos verdwyn het en hy het gevra of ek nie iets kan doen om hulle te probeer opspoor nie."

Die Swart Luiperd staar lank in die vuur sonder dat hy praat.

„Jy glo hierdie dinge blykbaar nie, Luiperdman?" vra Van der Heuvel.

Die Oerwoudman skud sy kop stadig. „Ek wil jou graag glo, Van der Heuvel," sê hy. „Hier is blykbaar iets aan die gang. Maar ek is jammer—ek glo nie aan spoke nie en ek glo nie aan reuse nie. En ek laat my nie vertel dat swart luiperds sommer ewe goedsmoeds mense sal vang sonder 'n goeie rede nie."

„Wel," sê Van der Heuvel en rek hom uit, „ons sal weldra uitvind wat wat is in verband met hierdie sogenaamde reus. Die hoofman van die Kamoelas het beloof om vir my draers gereed te hou. Hy sal ons 'n hele klomp krygers saamgee om ons te help en om ons die pad te wys. Ek hoop nie jy is jammer dat jy saamgekom het nie."

„Ek is altyd bereid tot enige avontuur, Van der Heuvel," sê die Luiperdman. „Al het dit ook te doen met 'n taamlike wilde storie soos in hierdie geval."

Van der Heuvel gooi nog 'n tak op die vuur, staan op en rek sy bene uit.

Die volgende oomblik swaai hy vinnig om en tuur na die stil misterie-donker van die woud.

Want hier by hulle het Spikkels, die wakker, mak tierwyfie van die Swart Luiperd, meteens aan die knor gegaan.

Toe volg Simson, die mannetjie, haar voorbeeld.

Die Swart Luiperd kom ook orent en betrag sy twee tiers. Hy spits sy ore en trek sy tierkopstuk oor sy gesig.

Van der Heuvel leun teen 'n boom en luister aandagtig.

Die tiers knor weer saggies, hierdie keer tesame.

,,Hulle gewaar iets,'' sê Van der Heuvel onnodig.

,,Daarvan kan jy baie seker wees,'' antwoord die Swart Luiperd.

,,Hoor jy iets?'' vra Van der Heuvel.

,,Ek hoor nog niks,'' antwoord die Oerwoudman.

Spikkels stap 'n paar treë tot tussen die naaste bome en staan daar, haar ore plat en haar stert kwispelend.

Die volgende oomblik hoor hulle iewers 'n aap skreeu—'n bietjie verskrik in die nag.

Toe nog een. Iewers hoor hulle 'n voël in die duister oerwoud roep.

Simson staan nader na sy wyfie toe en ook sy stert swaai stadig en betekenisvol.

Die twee tiers grom dieper. Harder. Onrustiger.

Van der Heuvel se hand sak stadig af en dit omklem die loop van sy Mauser wat teen die boomstam aangeleun staan. Die Swart Luiperd voel werktuiglik aan sy lang boog wat hier aan 'n takkie aan die stam hang.

Nog 'n aap skreeu verskrik, maar hierdie keer baie nader aan hulle.

,,Hier is iets aan die gang,'' sê Van der Heuvel.

,,Ja, dié is baie seker,'' antwoord die Swart Luiperd. ,,Ek dink ons gaan besoek kry, maar ek weet nie van wie of van wat nie.''





Hy kyk na sy twee tiers en hy sien toenemende spanning in hul liggame.

Die volgende oomblik lyk dit asof Van der Heuvel se Mauser as vanself in sy hande inspring. Die Swart Luiperd gryp sy lang boog op en sy hand skiet om na die pylkoker agter sy rug.

Want meteens word die oerwoudstilte deurklief deur 'n angswekkende vreeskreet, hoog en hard en oorstelp.

Dit is asof daardie angskreet die hele oerwoud laat ontwaak het. Groot voëls fladder deur die donker weg, ape sketter benoud tussen die donker lower en iewers blaas selfs 'n olifant op sy trompet.

En toe nog 'n skreeu, maar hierdie keer kort, asof 'n wrede ongesiene hand meteens 'n einde daaraan gemaak het.

Verskeie oomblikke staar Van der Heuvel en die Luiperdman na mekaar asof hierdie doodskreeu hulle beide stom geslaan het.